**DEPARTEMENT VAN VERVOER**

**NO. 733** **22 JUNIE 2016**

# DIE SUID-AFRIKAANSE NASIONALE PADAGENTSKAP MSB BEPERK

**Registrasie No: 1998/009584/30**

## A. VERKLARING VAN BESTAANDE PROVINSIALE PAD – GROOTPAD 76 SEKSIE 1 AS NASIONALE PAD R390 SEKSIE 1 – DISTRIKTE VAN CRADOCK EN HOFMEYER, IN DIE PROVINSIE VAN DIE OOS-KAAP.

Kragtens Artikel 40(1)(a) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en op Nasionale Paaie, Wet 1998 (Wet No. 7 van 1998), verklaar ek hiermee:

Roete R390 Seksie 1, ook bekend as Provinsiale Grootpad 76 Seksie 1, soos verklaar deur alle Administrateurskennisgewings wat betrekking op hierdie gedeelte van die pad mag hê, beginnende vanaf die aansluiting met die Nasionale Pad N10 Seksie 4, soos verklaar deur Goewermentkennisgewing No. 1322 van 1989, ook bekend as die interseksie van Stockenstroomweg en Daery Laan in die dorp Cradock, daarvandaan volg dit die strate bekend as Daery Laan, Ziervogelweg en Hofmeyerweg tydens datum van verklaring, in die dorp Cradock, daarvandaan in 'n algemene noordelike rigting met die bestaande Provinsiale Grootpad 76 Seksie 1,tot in die dorp Hofmeyer dan regs in Voortrekkerstraat tydens datum van verklaring, tot waar dit aansluit by die straat bekend as Van Heerdenstraat tydens datum van verklaring in die dorp Hofmeyer, waar dit eindig as 'n Nasionale pad.

**[Nasionale Pad R390 Seksie 1: Cradock – Hofmeyer, 'n afstand van ongeveer 62.5km]**

## B. VERKLARING VAN BESTAANDE PROVINSIALE PAD – GROOTPAD 76 SEKSIE 2 AS NASIONALE PAD R390 SEKSIE 2 – DISTRIKTE VAN HOFMEYER EN STEYNSBURG, IN DIE PROVINSIE VAN DIE OOS-KAAP.

Kragtens Artikel 40(1)(a) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en op Nasionale Paaie, Wet 1998 (Wet No. 7 van 1998), verklaar ek hiermee:

Roete R390 Seksie 2, ook bekend as Provinsiale Grootpad 76 Seksie 2, soos verklaar deur alle Administrateurskennisgewings wat betrekking op hierdie gedeelte van die pad mag hê, beginnende vanaf die aansluiting met die straat bekend as Voortrekkerstraat tydens datum van verklaring, in die dorp Hofmeyer, daarvandaan volg dit die straat bekend as Van Heerdenstraat tydens datum van verklaring, in die dorp Hofmeyer, daarvandaan verder in 'n algemene noordelike rigting met die bestaande Provinsiale Grootpad 76 Seksie 2, ook bekend as Roete R390 Seksie 2, tot waar dit aansluit by Nasionale Pad R56 Seksie 1, soos verklaar deur Goewermentkennisgewing No. 305 van 2012, suidwes van die dorp Steynsburg, waar dit eindig as 'n Nasionale pad.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

**[Nasionale Pad R390 Seksie 2: Hofmeyer – R56 Seksie 1 (Suidwes van Steynsburg), 'n afstand van ongeveer 34.4km]**

**C. VERKLARING VAN BESTAANDE PROVINSIALE PAD – GROOTPAD 51 SEKSIE 1 AS NASIONALE PAD R391 SEKSIE 2 – DISTRIKTE VAN MOLTENO EN ALBERT, IN DIE PROVINSIE VAN DIE OOS-KAAP.**

Kragtens Artikel 40(1)(a) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en op Nasionale Paaie, Wet 1998 (Wet No. 7 van 1998), verklaar ek hiermee:

Roete R391 Seksie 2, ook bekend as Provinsiale Grootpad 51 Seksie 1 soos verklaar deur alle Administrateurskennisgewings wat betrekking op hierdie gedeelte van die pad mag hê, beginnende vanaf die aansluiting met Nasionale Pad R56 Seksie 2, soos verklaar deur Goewermentkennisgewing No. 305 van 2012, daarvandaan in 'n algemnene noordelike rigting met die bestaande Provinsiale Grootpad 51 Seksie 1, waar dit Burgersdorp binnegaan en Queensweg volg, wat dan Stasieweg word, tot waar dit aansluit by die strate bekend as Colignystraat en Smitstraat tydens datum van verklaring, ook bekend as Nasionale Pad R58 Seksie 2 en Seksie 3, soos verklaar deur Goewermentkennisgewing No. 305 van 2012,in die dorp Burgersdorp, waar dit eindig as 'n Nasionale pad.

**[Nasionale Pad R391 Seksie 2: R56 Seksie 2 – Burgersdorp, 'n afstand van ongeveer 37.1km]**

**D. VERKLARING VAN BESTAANDE PROVINSIALE PAD – HOOFPAD 659 AS NASIONALE PAD R392 SEKSIE 1 – DISTRIK VAN QUEENSTOWN, IN DIE PROVINSIE VAN DIE OOS-KAAP.**

Kragtens Artikel 40(1)(a) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en op Nasionale Paaie, Wet 1998 (Wet No. 7 van 1998), verklaar ek hiermee:

Roete R392 Seksie 1, ook bekend as Provinsiale Hoofpad 659, soos verklaar deur Administrateurskennisgewings No. 12 van 1949, 13 van 1961 en alle ander Administrateurskennisgewings wat betrekking op hierdie gedeelte van die pad mag hê, beginnende vanaf die aansluiting met die N6 Seksie 3, ook bekend as Cathcartweg, dan volg dit Griffithstraat en draai regs in die straat bekend as Greystraat tydens datum van verklaring, in die dorp Queenstown, daarvandaan volg dit in 'n algemene oosterlike rigting die strate bekend as Peacockstraat, Livingstonestraat en Hillside rylaan, tydens datum van verklaring, daarvandaan verder in 'n algemene oosterlike dan noordelike rigting met die bestaande Provinsiale Hoofpad 659, ook bekend as Roete R392, tot by die interseksie met Provinsiale Hoofpad 661, ook bekend as Roete R410, waar dit eindig as 'n Nasionale pad.

**[Nasionale Pad R392 Seksie 1: Queenstown – R410, 'n afstand van ongeveer 8.56km]**

**E. VERKLARING VAN BESTAANDE PROVINSIALE PAD – HOOFPAD 721 AS NASIONALE PAD R396 SEKSIE 6 – DISTRIKTE VAN TSOLO EN MACLEAR, IN DIE PROVINSIE VAN DIE OOS-KAAP.**

Kragtens Artikel 40(1)(a) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en op Nasionale Paaie, Wet 1998 (Wet No. 7 van 1998), verklaar ek hiermee:

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

Roete R396 Seksie 6, ook bekend as Provinsiale Hoofpad 721, soos verklaar deur alle Administrateurskennisgewings wat betrekking op hierdie gedeelte van die pad mag hê, beginnende vanaf die interseksie met Rugbystraat, ook bekend as Nasionale Pad R56 Seksie 8, soos verklaar deur Goewermentkennisgewing No. 305 van 2012, daarvanaf volg dit die straat bekend as Van Riebeeckstraat tydens datum van verklaring, in die dorp Maclear, daarvandaan in 'n algemene suidoosterlike rigting met die bestaande Provinsiale Hoofpad 721, ook bekend as Roete R396, deur die dorp Tsolo, waar dit die straat volg bekend as Thurstonstraat tydens tyd van verklaring, daarvandaan verder in 'n algemene suidoosterlike rigting met die bestaande Provinsiale Hoofpad 721, ook bekend as Roete R396, tot by die interseksie met Nasionale Pad N2 Seksie 19, soos verklaar deur Goewermentkennisgewing No. 676 van 2000, waar dit eindig as 'n Nasionale pad.

**[Nasionale Pad R396 Seksie 6: Maclear (R56 Seksie 8) – N2 Seksie 19 (Tsolo) 'n afstand van ongeveer 61.7km]**

**F. VERKLARING VAN BESTAANDE PROVINSIALE PAD – HOOFPAD 661 AS NASIONALE PAD R410 SEKSIE 1 – DISTRIKTE VAN QUEENSTOWN EN GLEN GREY, IN DIE PROVINSIE VAN DIE OOS-KAAP.**

Kragtens Artikel 40(1)(a) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en op Nasionale Paaie, Wet 1998 (Wet No. 7 van 1998), verklaar ek hiermee:

Roete R410 Seksie 1, ook bekend as Provinsiale Hoofpad 661, soos verklaar deur alle Administrateurskennisgewings wat betrekking op hierdie gedeelte van die pad mag hê, beginnende vanaf die interseksie met Provinsiale Hoofpad 659, ook bekend as Roete R392 Seksie 1, daarvandaan in 'n algemene noordoosterlike rigting met die bestaande Provinsiale Hoofpad 661, ook bekend as Roete R410, deur die dorp Lady Frere, waar dit die straat volg bekend as Indwestraat tydens datum van verklaring, tot by 'n punt oos van Lady Frere, waar dit eindig as 'n Nasionale pad.

**[Nasionale Pad R410 Seksie 1: R392 – Oos van Lady Frere, 'n afstand van ongeveer 50.1km]**

**G. VERKLARING VAN BESTAANDE PROVINSIALE PAD – AFDELINGS PAAIE 8551 EN 8002 AS NASIONALE PAD R410 SEKSIE 2 – DISTRIKTE VAN GLEN GRAY EN CALA, IN DIE PROVINSIE VAN DIE OOS-KAAP.**

Kragtens Artikel 40(1)(a) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en op Nasionale Paaie, Wet 1998 (Wet No. 7 van 1998), verklaar ek hiermee:

Roete R410 Seksie 2, ook bekend as Provinsiale Afdelings Paaie 8551 en 8002, soos verklaar deur alle Administrateurskennisgewings wat betrekking op hierdie gedeelte van die pad mag hê, beginnende vanaf 'n punt oos van Lady Frere, naby Kwapercy, daarvandaan in 'n algemene oosterlike rigting met die bestaande Provinsiale Afdelings Paaie 8551 en 8002 , ook bekend as Roete R410, tot by die aansluiting met die strate bekend as Sidubu Straat en Titsa Straat tydens datum van verklaring, in die dorp Cala, waar dit eindig as 'n Nasionale pad.

**[Nasionale Pad R410 Seksie 2: Oos van Lady Frere – Cala, 'n afstand van ongeveer 41.1km]**

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

**H. VERKLARING VAN BESTAANDE PROVINSIALE PAD – GROOTPAD 74 SEKSIE 1 AS NASIONALE PAD R410 SEKSIE 3 – DISTRIKTE VAN CALA EN ELLIOT, IN DIE PROVINSIE VAN DIE OOS-KAAP.**

Kragtens Artikel 40(1)(a) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en op Nasionale Paaie, Wet 1998 (Wet No. 7 van 1998), verklaar ek hiermee:

Roete R410 Seksie 3, ook bekend as Provinsiale Grootpad 74 Seksie 1, soos verklaar deur alle Administrateurskennisgewings wat betrekking op hierdie gedeelte van die pad mag hê, beginnende vanaf die aansluiting met strate bekend as Sidubu Straat en Titsa Straat tydens datum van verklaring, in die dorp Cala, daarvandaan volg dit die straat bekend as Titsa Straat tydend datum van verklaring, in die dorp Cala, daarvandaan verder in 'n algemene noordoostelike rigting met die bestaande Provinsiale Grootpad 74 Seksie 1, ook bekend as Roete R410, tot by die aansluiting met Pad R58, waar dit eindig as 'n Nasionale pad.

**[Nasionale Pad R410 Seksie 3: Cala – R58, 'n afstand van ongeveer 14.63km]**

**I. VERKLARING VAN BESTAANDE PROVINSIALE PAD – GROOTPAD 74 SEKSIE 1 AS GEDEELTE VAN NASIONALE PAD R58 SEKSIE 7 – DISTRIKTE VAN CALA EN ELLIOT, IN DIE PROVINSIE VAN DIE OOS- KAAP.**

Kragtens Artikel 40(1)(a) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en op Nasionale Paaie, Wet 1998 (Wet No. 7 van 1998), verklaar ek hiermee:

Gedeelte van Roete R58 Seksie 7, ook bekend as Provinsiale Grootpad 74 Seksie 1, soos verklaar deur alle Administrateurskennisgewings wat betrekking op hierdie gedeelte van die pad mag hê, beginnende vanaf die aansluiting met Nasionale Pad R56 Seksie 6, soos verklaar deur Goewermentkennisgewing No. 305 van 2012, daarvandaan verder in 'n algemene suiderlike rigting met die bestaande Provinsiale Grootpad 74 Seksie 1, ook bekend as Roete R58, tot by die aansluiting met Roete R410, waar dit eindig as 'n Nasionale pad.

**[Geddelte van Nasionale Pad R58 Seksie 7: R56 Seksie 6 – R410, 'n afstand van ongeveer 4.83km]**

**J. VERKLARING VAN BESTAANDE PROVINSIALE PAD – HOOFPAD 450 SEKSIE 1 AS NASIONALE PAD R335 SECTION 1 - DISTRIKTE VAN MOTHERWELL, PORT ELIZABETH, KIRKWOOD EN ALEXANDRIA IN DIE PROVINSIE VAN DIE OOS-KAAP.**

Kragtens Artikel 40(1)(a) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en op Nasionale Paaie, Wet 1998 (Wet No. 7 van 1998), verklaar ek hiermee:

Roete R335 Seksie 1, ook bekend as Provinsiale Hoofpad 450 Section 1, soos verklaar deur Administrateurskennisgewing No. 13 van 1961 en alle ander Administrateurskennisgewings wat betrekking op hierdie gedeelte van die pad mag hê, beginnende vanaf die aansluiting met Nasionale Pad N2 Seksie 11, soos verklaar deur Goewermentkennisgewing No. 236 van 1972, daarvandaan verder in 'n algemene noordwestelike rigting met die bestaande Provinsiale Hoofpad 450 Seksie 1,deur die dorp Motherwell, daarvandaan volg dit in 'n algemene noordelike rigting Hoofpad 450 Seksie 1 deur die dorp Addo, tot by die aansluiting met roete R342 Seksie 1, naby Coerney spoorweg stasie, waar dit eindig as 'n Nasionale pad.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

**[Nasionale Pad R335 Seksie 1: N2 Seksie 11 – R342(naby Coerney spoorweg stasie), 'n afstand van ongeveer 49.48km]**

**K. VERKLARING VAN BESTAANDE PROVINSIALE PAD – HOOFPAD 471 SEKSIE 1 AS NASIONALE PAD R336 SEKSIE 1 DISTRIK VAN KIRKWOOD IN DIE PROVINSIE VAN DIE OOS-KAAP.**

Kragtens Artikel 40(1)(a) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en op Nasionale Paaie, Wet 1998 (Wet No. 7 van 1998), verklaar ek hiermee:

Roete R336 Seksie 1, ook bekend as Provinsiale Hoofpad 471 Seksie 1, soos verklaar deur Administrateurskennisgewing No. 13 van 1961 en alle ander Administrateurskennisgewings wat betrekking op hierdie gedeelte van die pad mag hê, beginnende vanaf die aansluiting met Roete R335 net noord van Addo dorp, daarvandaan verder in 'n algemene noordwestelike rigting met die bestaande Provinsiale Hoofpad 471 Seksie 1, deur die dorp Kirkwood waar dit die dorp binne gaan op Sonop Straat, dan links in Main Straat tot by die aansluiting met Nasionale Pad R75 Section 2, soos verklaar deur Goewermentkennisgewing No. 305 of 2012, naby Kariega spoorweg stasie, waar dit eindig as 'n Nasionale pad.

**[Nasionale Pad R336 Seksie 1: R335 – R75 Seksie 2 (naby Kariega spoorweg stasie), 'n afstand van ongeveer 48.05km]**

**L. VERKLARING VAN BESTAANDE PROVINSIALE PAD – HOOFPAD 473 SEKSIE 1 AS NASIONALE PAD R342 SEKSIE 1 - DISTRIK VAN ALEXANDRIA IN DIE PROVINSIE VAN DIE OOS-KAAP.**

Kragtens Artikel 40(1)(a) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en op Nasionale Paaie, Wet 1998 (Wet No. 7 van 1998), verklaar ek hiermee:

Roete R342 Seksie 1 ook bekend as Provinsiale Hoof Pad 473 Seksie 1, soos verklaar deur Administrateurskennisgewing No. 254 van 1977 en alle ander Administrateurskennisgewings wat betrekking op hierdie gedeelte van die pad mag hê, beginnende vanaf die aansluiting met Roete R355, naby Coerney spoorweg stasie, daarvandaan verder in 'n algemene oosterlike rigting met die bestaande Provinsiale Hoofpad 473 Seksie 1, tot by die aansluiting met Nasionale Pad N10 Seksie 1, soos verklaar deur Goewermentkennisgewing No. 982 of 2008, waar dit eindig as 'n Nasionale pad.

**[Nasionale Pad R342 Section 1: R335 (naby Coerney spoorweg stasie) – N10 Seksie 1, 'n afstand van ongeveer 24.53km]**

**MINISTER VAN VERVOER**

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za